

Saterdag **2 Maart**

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31

Fokusgedeelte: Romeine 3:24 (AFR33/53)

**Uit genade in Christus alleen word ons verlos**

Die woord *maar* in die Bybel is 'n baie troosvolle woord. In vers 9-20 skryf Paulus baie reguit en duidelik oor ons totale verdorwenheid. Wanneer ons dit lees, besef ons dat daar geen uitweg vir ons is nie. In vers 21 begin Paulus met die woord *maar* ...

Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar ... naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus. In vers 23 maak Paulus dit weer baie duidelik dat almal gesondig het, maar in vers 4 bring hy die troosvolle boodskap! Deur sy genade word ons sonder verdienste van ons kant geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

Van vers 25 af kan ons die kruisdood van Jesus verstaan as 'n ruiltransaksie. Daar aan die kruis het God nie sy geliefde Seun se regverdigheid en volle gehoorsaamheid gesien nie. Nee, Hy het al ons sondes, ongeregtigheid en ongehoorsaamheid gesien en Christus daarvoor gestraf.

Ons ontvang aan die ander kant weer Christus se geregtigheid en volle gehoorsaamheid. Wanneer die Here dus na ons kyk, sien Hy nie meer ons sonde aan ons nie, maar Hy sien Christus se werke.

En die wonderlike is dat die verlossing in Christus nie net beperk is tot Israel van ouds nie, maar ook vir ons vandag. In Christus het alle tale, volke en nasies nou verlossing. Ons is nie beter as 'n ander omdat ons verlos is nie. Dit is nie uit iets wat ons gedoen het nie. Dit is nie omdat ons aan 'n sekere volk of kerk behoort nie, maar alles deur die genade van God. Deur die geloof in Christus word ons volkome verlos sonder werke van ons kant af. Nie my wetsonderhouding nie. Nie ek wat my hart vir God gee nie, maar die werke van Christus. Mag ons die Here altyd loof, prys en aanbid vir sy groot genade in Christus.

*Sing: Psalm 32-1:1, 2*

*Ds. W (Werner) Brotherton*